

MINIMUM STANDAARDE TOV PhD REGISTRASIE

1. Die voornemende student en moontlike promotor(s) kom mondelings ooreen oor 'n moontlike veld van studie.
2. Indien die promotor(s) gewillig is om die student te aanvaar, word die aansoekvorm (*Aansoekvorm - PhD Registrasie.pdf*) om toelating tot PhD-registrasie ingevul, en deur beide die promotor(s) en die student onderteken.
3. Die aansoekvorm en studierekord van die voornemende student dien voor die departementele Toelatingskomitee, vir goedkeuring en ondertekening deur die Voorsitter. 'n Toelatingskomitee bestaan tipies uit minstens drie persone met PhD kwalifikasies, waarvan minstens twee lede nie by die studie betrokke is nie, en waar minstens een persoon op dieselfde posvlak as die voorgestelde promotor(s) is. Die Toelatingskomitee mag addisionele inligting (soos byvoorbeeld 'n CV) aanvra om te help om die besluit te neem.
4. Die ondertekende vorm word afgestuurd na die Fakulteitsekretaris, wat die student dan, sonder proefskrifonderwerp, registreer. Studente word normaalweg slegs toegelaat om in die eerste semester vir die eerste keer vir die PhD-program te registreer. Studente wat in die tweede semester wil begin, word normaalweg as spesiale studente geregistreer vir daardie semester.
5. Die student mag slegs na die eerste jaar van registrasie in die PhD-programme vir verdere jare registreer indien 'n formele navorsingsvoorstel, wat voldoen aan die vereistes hieronder uiteengesit, deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Met ander woorde, studente wat in die eerste semester vir die eerste keer registreer (ongeach die presiese datum) se navorsingsvoorstelle moet voor of by die eerste Fakulteitsraadsvergadering van die daaropvolgende jaar goedgekeur word. Indien studente, as gevolg van buitengewone omstandighede, toegelaat word om in die tweede semester met PhD studies te begin (ongeach die presiese datum), moet daardie studente se navorsingsvoorstelle voor of by die Mei Fakulteitsraadsvergadering van die daaropvolgende jaar goedgekeur word.

Studente word aangeraai om hul navorsingsvoorstelle betyds in te dien sodat hulle tyd sal hê om die voorstelle te verbeter, indien nodig, en steeds die voorgenoemde keertye te haal, aangesien goedkeuring, en nie slegs indiening nie, van die navorsingsvoorstel vereis word vir voortgesette registrasie. Die student se registrasie verval indien die navorsingsvoorstel nie, soos hierbo uiteengesit, goedgekeur word nie.

Die navorsingsvoorstel, tipies 20 tot 30 bladsye in lengte, moet in oorleg met die promotor(s) opgestel word en moet ten minste die volgende inligting bevat:

- 5.1. 'n Beskrywende titel.
- 5.2. 'n Omvattende uiteensetting van die literatuur relevant tot die voorgenome PhD- studie, asook 'n sintese en beoordeling van die belangrikste temas wat in die literatuur gevind is.
- 5.3. 'n Duidelike uiteensetting van die studie se doelwitte, met spesifieke verwysing na hoe dit aansluit by reeds gepubliseerde werk en wat die verwagte oorspronklike bydrae van die studie sal wees.
- 5.4. 'n Beskrywing van die navorsingsmetodologie om die gestelde doelwitte te bereik.
- 5.5. 'n Breë tydskedulering vir die studie, tipies in terme van 4 tot 10 aktiwiteite, en 'n kort beskrywing van elke aktiwiteit se hoofokus.

- 5.6. 'n Duidelike uiteensetting van die infrastruktuur en toerusting (insluitend programmatuur, apparatuur, laboratoria, bedryfskoste, ens.) wat benodig sal word om die studie te voltooi, asook die reëlings wat getref is om te verseker dat die infrastruktuur wel beskikbaar sal wees.
 - 5.7. 'n Kritiese selfevaluering van die student se vordering tot op datum.
6. 'n Bestuursopsomming (maksimum van 600 woorde) moet saam met die navorsingsvoorstel deur die student voorberei word. Hierdie dokument moet slegs die volgende inligting bevat:
 - 6.1. 'n Beskrywende titel.
 - 6.2. Naam van student.
 - 6.3. Naam van promotor(s).
 - 6.4. Die Bestuursopsomming moet die volgende genommerde afdelings bevat:
 - 6.4.1. 'n Kort omskrywing, sowel as die doelwitte, van die navorsingsprojek.
 - 6.4.2. Die voorsiene unieke navorsingsbydrae(s) van die studie.
 - 6.4.3. 'n Breë tydskedulering vir die studie, tipies in terme van 4 tot 10 aktiwiteite.
 7. As die promotor(s) tevrede is met die navorsingsvoorstel, dien dit saam met 'n afsonderlike Bestuursopsomming en die voorgeskrewe PhD aansoekvorm, onderteken deur beide die student en die promotor(s), by die departementele Toelatingskomitee. Dit staan die Toelatingskomitee vry om die kandidaat te versoek om 'n mondelinge voordrag te doen, en ook om te versoek dat die navorsingsvoorstel verbeter word en vir heroorweging voorgelê word.
 8. As die promotor(s) nie tevrede is met die navorsingsvoorstel nie, of as die Toelatingskomitee van oordeel is dat verdere beoordeling van die navorsingsvoorstel en/of die student se navorsingsvermoëns nodig is, word 'n Kandidatuurpaneel aangestel wat bestaan uit die voorgestelde promotor(s) en ten minste twee kundige en ervare persone, waarvan een van buite die tuisdepartement moet kom. Die Visedekaan: Navorsing moet die voorgestelde Kandidatuurpaneel goedkeur. Let wel dat die afkeur van 'n navorsingsvoorstel slegs op aanbeveling van 'n Kandidatuurpaneel kan geskied.
 - 8.1. Die Kandidatuurpaneel beoordeel die navorsingsvoorstel. Dit staan die Kandidatuurpaneel vry om die kandidaat te versoek om 'n mondelinge voordrag te doen, en ook om te versoek dat die navorsingsvoorstel verbeter word en vir heroorweging voorgelê word.
 - 8.2. Die Kandidatuurpaneel se besluit word deurgegee aan die departementele Toelatingskomitee vir goedkeuring.
 9. Na finale aanvaarding of afkeuring van die navorsingsvoorstel deur die departementele Toelatingskomitee, word die aanbevelingsvorm (*Kandidatuurpaneel Aanbeveling - PhD registrasie.pdf*) voltooi, waarna dit saam met die ondertekende voorgeskrewe PhD aansoekvorm, die Bestuursopsomming en die navorsingsvoorstel afgestuur word na die Fakulteitsekretaris, wat dit op die agenda van die Fakulteitskomitee plaas vir goedkeuring.
 10. Die aanbevelingsvorm en Bestuursopsomming dien by die Fakulteitskomitee vir goedkeuring. Die navorsingsvoorstel is aanlyn in pdf-formaat beskikbaar.
 11. Na goedkeuring deur die Fakulteitsraad word die proefskrifonderwerp bygevoeg by die bestaande studierekord van die student.